

**3 Julie**

**Skrifgedeelte: Romeine 13:8-14**

**Fokusgedeelte: Romeine 13:8a**

### **Die ereskuld van die liefde blink in môreskemer**

Die skuld van die liefde is – volgens Paulus in die fokusgedeelte – betaalbaar, maar nooit afbetaal of ten volle opbetaal nie. Wie sal ooit die kwitansie of voldaan ontvang dat genoeg liefde gegee is? Die betaaltermyn is lewenslank en daar is nooit 'n aflosbedrag ter sprake nie. Die liefdesrekening wat Paulus hier vir gelowiges uitreik, is gegrond in die verkiesende liefde van God in sy Seun (Romeine 8-11). Hy het in die nag-dag van sy kruisiging 'n kwitansie aan die kruis laat fladder: die skuldbrief van ons sonde!

Op hierdie skuldbrief moet ons nou antwoord met 'n liefdeskuld wat nooit vereffen kan word nie. Dit is 'n weerklank van God se offerende liefde, 'n naklank van sy genade. Dit moet egter nie net 'n antwoord wees op die verkiesende genade van God wat in Christus vir onverdienstelike sondaarmense vas en seker geword het nie - dit moet ook die verkondiging en aankondiging wees van sy tweede koms, die nuwe môre. Ons leef in hierdie bedeling in die oorgang tussen nag en dag. Soos die son rond en rooi die nag se donkerheid breek en sy strale glinsterkaats as dit op blink voorwerpe val, so is die volmaakte Son van geregtigheid nou - ná Christus se uitwissing van ons sondeskuld - aan die opkom. Die liefde is 'n blink boodskapper wat die koms van die wederkomsdag skitterend uitroep! Liefde is die goue glinstergloed wat die dag vooruitblink!

Ons het almal eweveel skuld, maar gelukkig is dit nie meer sondeskuld nie. Dit is die ereskuld van die liefde. Laat die verskuldigde liefdeskuld betaal word - lewenslank – want ons lewe in die vars môredou van die wederkoms!

*Sing: Skrifberyming 9-4:1-6 (21) Ds JP Bingle (Windhoek)*